

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

Provincial Gazette
Extraordinary

Buitengewone
Provinsiale Koerant

Isongezelelo
kwiGazethi yePhondo

8250

8250

8250

Friday, 12 June 2020

Vrydag, 12 Junie 2020

uLweshlanu 12 kweyeSilimela 2020

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Ibhaliswe ePosini njengePhephandaba

CONTENTS

INHOUD

IZIQULATHO

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

(*Ushicilelo oLutsha lufumaneka kwigumbi M21, kwiSakhivo sePhondo seNdlu yoWiso-Mthetho, 7 Wale Street, eKapa 8001.)

Provincial Notices

Provinsiale Kennisgewings

Izaziso zePhondo

- 42 Provincial Treasury: Western Cape: Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (Act 4 of 1996): Draft Western Cape Twentieth Gambling and Racing Amendment Bill, 2020; Draft Western Cape Twenty-First Gambling and Racing Amendment Bill, 2020; Western Cape Gambling and Racing Regulations, 1996: Draft Amendment, 2020; Western Cape Gambling and Racing Regulations (Fees and Costs), 2016: Draft Second Amendment, 2020: Extension of commenting period 2
- The Afrikaans and Xhosa translations of the following Draft Bills and draft regulations are published for comment:
- 43 Draft Western Cape Twentieth Gambling and Racing Amendment Bill, 2020 5 & 24
- 44 Draft Western Cape Twenty-First Gambling and Racing Amendment Bill, 2020 44 & 51
- 45 Western Cape Gambling and Racing Regulations, 1996: Draft Amendment, 2020 58 & 62
- 46 Western Cape Gambling and Racing Regulations (Fees and Costs), 2016: Draft Second Amendment, 2020 66 & 68
- Any person or organisation wishing to comment on the contents of the Afrikaans and Xhosa translations of the Draft Bills or draft regulations is requested to lodge the comments in writing before or on 11 August 2020—
- (a) by posting the comments to:
Ms Claire Horton
Provincial Treasury
Private Bag X9165
Cape Town 8000;
- (b) by e-mailing the comments to:
Claire.Horton@westerncape.gov.za;
- (c) by faxing the comments to:
Fax no. 021 483 4680; or
- (d) by delivering the comments to:
Ms Claire Horton
Provincial Treasury
Room 307 (3rd Floor)
Provincial Building
7 Wale Street
Cape Town 8001.

- 42 Provinsiale Tesourie: Wes-Kaap: Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996): Wes-Kaapse Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelay en Wedrenne, 2020; Wes-Kaapse Een-en-Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelay en Wedrenne, 2020; Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelay en Wedrenne, 1996: Konsepwysiging, 2020; Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelay en Wedrenne (Gelde en Koste), 2016: Konsep-Tweede Wysiging, 2020: Verlenging van kommentaartydperk 3
- Die Afrikaanse en Xhosa-vertalings van die volgende Konsepwetsontwerpe en konsepregulasies word vir kommentaar gepubliseer:
- 43 Wes-Kaapse Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelay en Wedrenne, 2020 5
- 44 Wes-Kaapse Een-en-Twintigste Konsepwysigingswetsontwerp op Dobbelay en Wedrenne, 2020 44
- 45 Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelay en Wedrenne, 1996: Konsepwysiging, 2020 58
- 46 Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelay en Wedrenne (Gelde en Koste), 2016: Konsep-Tweede Wysiging, 2020 66
- Enige persoon of organisasie wat op die inhoud van die Afrikaanse of Xhosa-vertalings van die Konsepwetsontwerpe of konsepregulasies kommentaar wil lewer, word versoek om die kommentaar voor of op 11 Augustus 2020 skriftelik in te dien—
- (a) deur die kommentaar te pos na:
Ms. Claire Horton
Provinsiale Tesourie
Privaat Sak X9165
Kaapstad 8000;
- (b) deur die kommentaar te e-pos na:
Claire.Horton@westerncape.gov.za;
- (c) deur die kommentaar te faks na:
Faksnr. 021 483 4680; of
- (d) deur die kommentaar af te lewer by:
Ms. Claire Horton
Provinsiale Tesourie
Kamer 307 (3de Vloer)
Provinsiale Gebou
Waalstraat 7
Kaapstad 8001.

- 42 UNondyebo wePhondo: weNtshona Koloni: UMthetho woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 1996 (uMthetho 4 ka-1996): uQulunqo loMthetho oSayilwayo weZilungiso waMashumi amaBini woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 2020; uQulunqo loMthetho oSayilwayo weZilungiso waMashumi amaBini anaNye woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 2020; iMigaqo yoNgcakazo neMidyarho yeNtshona Koloni, 1996: uQulunqo lweZilungiso, 2020; iMigaqo yoNgcakazo neMidyarho yeNtshona Koloni (iMirhumo neeNdleko), 2016: uQulunqo lweZilungiso zeSibini, 2020: uKwandisewa kweXesha leziMvo 4
- Inguqulelo yesiBhulu nesiXhosa yale Mithetho eSayilwayo kunye noqulunqo lwemigaqo ipapashelwa ukufumana izimvo:
- 43 UQulunqo loMthetho oSayilwayo weZilungiso waMashumi amaBini woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 2020 24
- 44 UQulunqo loMthetho oSayilwayo weZilungiso waMashumi amaBini anaNye woNgcakazo neMidyarho weNtshona Koloni, 2020 51
- 45 iMigaqo yoNgcakazo neMidyarho yeNtshona Koloni, 1996: uQulunqo lweZilungiso, 2020 62
- 46 iMigaqo yoNgcakazo neMidyarho yeNtshona Koloni (iMirhumo neeNdleko), 2016: uQulunqo lweZilungiso zeSibini, 2020 68
- Nabani na okanye nawuphi na umbutho onqwenela ukunika izimvo ngeziqulatho zenguqulelo yesibhulu nangesi-Xhosa ngoQulunqo loMthetho oSayilwayo okanye ngoqulunqo lwemigaqo uyacelwa ukuba azifake izimvo zakhe ngokubhaliweyo phambi okanye ngomhla we-11 kweyeThupha 2020—
- (a) ngokuposela izimvo ku:-
Nksz Claire Horton
Provincial Treasury
Private Bag X9165
Cape Town 8000;
- (b) ngokuimeyilela izimvo ku:-
Claire.Horton@westerncape.gov.za;
- (c) ngokufekisela izimvo ku:-
Inombolo yefeksi. 021 483 4680; okanye
- (d) ngokuzisa izimvo ku:-
Nksz Claire Horton
Provincial Treasury
Room 307 (3rd Floor)
Provincial Building
7 Wale Street
Cape Town 8001.

The name, telephone number, e-mail and/or fax number, and address of the person submitting the comment should be clearly indicated.
For queries contact Ms Claire Horton at 021 483 6037.
The English versions of the Draft Bills and the draft regulations were published under Provincial Notices 34/2020, 35/2020, 36/2020 and 37/2020 in Provincial Gazette 8235 of 8 May 2020.

Die naam, telefoonnommer, e-pos en/of faksnommer, en adres van die persoon wat die kommentaar lewer, moet duidelik aangegee word.
Vir navrae skakel me. Claire Horton by 021 483 6037.
Die Engelse weergawes van die Konsepwetsontwerpe en konsepregulasies is onder Provinsiale Kennisgewings 34/2020, 35/2020, 36/2020 en 37/2020 in Provinsiale Koerant 8235 van 8 Mei 2020 gepubliseer.

Igama, inombolo yemfonomfono, idilesi ye imeyile kunye/okanye inombolo yefeksi kunye nedilesi yomntu ofake izimvo kufuneka ibhalwe ngokucacileyo.
Ngemibuzo qhakamshelana noNksz Claire Horton ku-021 483 6037.
iInguqulelo zeSingsi zoQulunqo loMthetho oSayilwayo kunye noqulunqo lwemigaqo zapapashwa phantsi kweZaziso zePhondo 34/2020, 35/2020, 36/2020 no-37/2020 seGazethi yePhondo 8235 somhla wesi-8 kuCanzibe 2020.

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notices are published for comment.

DR H.C. MALILA,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir kommentaar gepubliseer.

DR H.C. MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Ezi zaziso zilandelayo zipapashelwe ukunika izimvo.

GQIR H.C. MALILA,
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 42/2020

12 June 2020

PROVINCIAL TREASURY: WESTERN CAPE**WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING ACT, 1996 (ACT 4 OF 1996)****DRAFT WESTERN CAPE TWENTIETH GAMBLING AND RACING
AMENDMENT BILL, 2020****DRAFT WESTERN CAPE TWENTY-FIRST GAMBLING AND RACING
AMENDMENT BILL, 2020****WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING REGULATIONS, 1996:
DRAFT AMENDMENT, 2020****WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING REGULATIONS (FEES AND
COSTS), 2016: DRAFT SECOND AMENDMENT, 2020****EXTENSION OF COMMENTING PERIOD**

The period for the submission of comments on the above draft legislation, published in English under Provincial Notices 34/2020, 35/2020, 36/2020 and 37/2020 in *Provincial Gazette* 8235 dated 8 May 2020 is extended to 11 August 2020.

Any person or organisation wishing to comment on the above draft legislation is requested to lodge the comments in writing before or on 11 August 2020—

(a) by posting the comments to:

Ms Claire Horton
Provincial Treasury
Private Bag X9165
Cape Town 8000;

(b) by e-mailing the comments to:

Claire.Horton@westerncape.gov.za;

(c) by faxing the comments to:

Fax no. 021 483 4680; or

(d) by delivering the comments to:

Ms Claire Horton
Provincial Treasury
Room 307 (3rd Floor)
Provincial Building
7 Wale Street
Cape Town 8001.

The name, telephone number, e-mail and/or fax number, and address of the person submitting the comment should be clearly indicated.

For queries contact Ms Claire Horton at 021 483 6037.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 42/2020

12 Junie 2020

PROVINSIALE TESOURIE: WES-KAAP**WES-KAAPSE WET OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 1996****(WET 4 VAN 1996)****WES-KAAPSE TWINTIGSTE KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 2020****WES-KAAPSE EEN-EN-TWINTIGSTE KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 2020****WES-KAAPSE REGULASIES OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 1996: KONSEPWYSIGING, 2020****WES-KAAPSE REGULASIES OP DOBBELARY EN WEDRENNE (GELDE EN KOSTE), 2016: KONSEP- TWEEDE WYSIGING, 2020****VERLENGING VAN KOMMENTAARTYDPERK**

Die tydperk vir indiening van kommentaar op die konsepwetgewing hierbo, in Engels gepubliseer onder Provinsiale Kennisgewings 34/2020, 35/2020, 36/2020 en 37/2020 in *Provinsiale Koerant* 8235 van 8 Mei 2020, word verleng tot 11 Augustus 2020.

Enige persoon of organisasie wat op die konsepwetgewing hierbo kommentaar wil lewer, word versoek om die kommentaar voor of op 11 Augustus 2020 skriftelik in te dien—

- (a) deur die kommentaar te pos na:
Me Claire Horton
Provinsiale Tesourie
Privaat Sak X9165
Kaapstad 8000;
- (b) deur die kommentaar te e-pos na:
Claire.Horton@westerncape.gov.za;
- (c) deur die kommentaar te faks na:
Faksnr. 021 483 4680; of
- (d) deur die kommentaar af te lewer by:
Me Claire Horton
Provinsiale Tesourie
Kamer 307 (3rde Vloer)
Provinsiale Gebou
Waalstraat 7
Kaapstad 8001.

Die naam, telefoonnommer, e-pos en/of faksnommer, en adres van die persoon wat die kommentaar lewer, moet duidelik aangegee word.

Vir navrae kontak me Claire Horton by 021 483 6037.

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 42/2020

12 kweyeSilimela 2020

UNONDYEBO WEPHONDO: WENTSHONA KOLONI**UMTHETHO WONGCAKAZO NEMIDYARHO WENTSHONA KOLONI,
1996 (UMTHETHO 4 KA-1996)****UQULUNQO LOMTHETHO OSAYILWAYO WEZILUNGISO WAMASHUMI
AMABINI WONGCAKAZO NEMIDYARHO WENTSHONA KOLONI, 2020****UQULUNQO LOMTHETHO OSAYILWAYO WEZILUNGISO WAMASHUMI
AMABINI ANANYE WONGCAKAZO NEMIDYARHO WENTSHONA
KOLONI, 2020****IMIGAQO YONGCAKAZO NEMIDYARHO YENTSHONA KOLONI, 1996:
UQULUNQO LWEZILUNGISO, 2020****IMIGAQO YONGCAKAZO NEMIDYARHO YENTSHONA KOLONI
(IMIRHUMO NEENDLEKO), 2016: UQULUNQO LWEZILUNGISO
ZESIBINI, 2020****UKWANDISWA KWEXESHA LEZIMVO**

Ixesha lokufakwa kwezimvo ngalo mthetho uqulunwayo ngasentla, opapashwe ngesiNgesi phantsi kweZaziso zePhondo 34/2020, 35/2020, 36/2020 kunye 37/2020 *kwiGazethi yePhondo* 8235 sangomhla wesi-8 kuCanzibe 2020 landiselwe kumhla we-11 kweyeThupha 2020.

Nabani na okanye nawuphi na umbutho onqwenela ukunika izimvo ngalo mthetho uqulunqwayo ngasentla uyacelwa ukuba azifake izimvo zakhe ngokubhaliweyo phambi okanye ngomhla we-11 kweyeThupha 2020—

- (a) ngokuposela izimvo ku-:
Nksz Claire Horton
Provincial Treasury
Private Bag X9165
Cape Town 8000;
- (b) ngokuimeyilela izimvo ku-:
Claire.Horton@westerncape.gov.za;
- (c) ngokufeksela izimvo ku-:
Inombolo yefeksi. 021 483 4680; okanye
- (d) ngokuzisa izimvo ku-:
Nksz Claire Horton
Provincial Treasury
Room 307 (3rd Floor)
Provincial Building
7 Wale Street
Cape Town 8001.

Igama, inombolo yemfonomfono, idilesi yeimeyili kunye/okanye inombolo yefeksi kunye nedilesi yomntu ofake izimvo kufuneka ibhalwe ngokucacileyo.

Ngemibuzo qhakamshelana noNksz Claire Horton ku-021 483 6037.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 43/2020

12 Junie 2020

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

**WES-KAAPSE TWINTIGSTE KONSEPWETSONTWERP OP DOBBELARY EN
WEDRENNE, 2020**

Tot wysiging van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996, ten einde 'n nuwe woordskrywing in te voeg; om 'n bepaling te skrap wat van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne vereis om vir sekere doeleindes 'n ondersoekverhoor te hou; om weg te doen met ontwikkelingsaansoeke; om weg te doen met grondgebruiksangeleenthede; om voorsiening te maak vir die tipes aansoeke waarteen 'n lid van die publiek beswaar kan aanteken of op kommentaar kan lewer; om van nuuts af die wysiging van lisensies te reël; om van nuuts af die verskuiwing van besighede of aktiwiteite te reël; om van nuuts af eksklusiwiteit ten opsigte van die bedryf van 'n casino te reël; om verder vir regulasies en reëls voorsiening te maak; om sekere teksverbeteringe aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaapse, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 4 van Wet 4 van 1997, artikel 1 van Wet 10 van 1997, artikel 1 van Wet 4 van 1999, artikel 1 van Wet 11 van 2000 en artikels 1 en 3 van Wet 4 van 2006

1. Artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996)(die Hoofwet), word in subartikel (1) gewysig—

- (a) deur ná die omskrywing van “speler” of “kliënt” ’ die volgende omskrywing in te voeg:

“ ‘Stad Kaapstad’ beteken die geografiese gebied van die Stad Kaapstad, 'n metropolitaanse munisipaliteit soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), ingestel ingevolge Provinsiale Kennisgewing 479/2000 in *Provinsiale Koerant* 5588 van 22 September 2000, welke gebied ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998), deur die Munisipale Afbakeningsraad bepaal is en in die kaart in Bylaes V en VI uiteengesit is;”;

- (b) deur die omskrywing van “Ontwikkelingsaansoek” te skrap;

(c) deur ná die omskrywing van “gemagtigde beampte” die volgende omskrywing in te voeg:

“ ‘Helderberggebied’ beteken die Helderberggebied van die Stad Kaaptad;”; en

(d) deur voor die omskrywing van “Provinsie” die volgende inskrywing in te voeg:

“ ‘Provinsiale Regering’ beteken die Wes-Kaapse Regering;”.

Wysiging van artikel 18 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 16 van Wet 4 van 1997 en artikel 7 van Wet 11 van 1997

2. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Ondersoeke na of sake in verband met privaat inligting oor enige aansoeker om ’n lisensie of die wysiging van ’n lisensie;”; en

(b) deur paragraaf (d) van subartikel (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) wanneer hy beraadslaag oor enige saak waarvan die publikasie, na die mening van die Raad, enige aansoeker om ’n lisensie of die wysiging van ’n lisensie in staat mag stel om ’n onregverdigde voordeel bo enige ander aansoeker te verkry.”.

Wysiging van artikel 23 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 20 van Wet 4 van 1997, artikel 8 van Wet 10 van 1997, artikel 2 van Wet 4 van 1999, artikel 4 van Wet 1 van 2003 en artikels 1 en 10 van Wet 4 van 2006

3. Artikel 23 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in subartikel (1) subparagraaf (i) van paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) ’n aansoek om ’n lisensie, of die wysiging van ’n lisensie, kragtens hierdie Wet;”;

(b) deur in subartikel (1) subparagraaf (i) van paragraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(i) enige aansoeker om ’n lisensie of die wysiging van ’n lisensie;”;

(c) deur subartikel (2) te skrap; en

(d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) By enige ondersoekverhoor met betrekking tot ’n aansoek om ’n lisensie, of die wysiging van ’n lisensie, kragtens hierdie Wet, is die persoon wat om [**sodanige**] die lisensie of die wysiging van die lisensie aansoek doen en enige persoon wat beswaar maak teen die toestaan van [**sodanige**] die lisensie, geregtig daarop om voor die Raad te verskyn en getuies op te roep ter ondersteuning van die aansoek of beswaar en om ander getuies te kruisvra.”.

Herroeping van artikel 32A van Wet 4 van 1996, soos ingevoeg by artikel 10 van Wet 10 van 1997 en gewysig by artikel 1 van Wet 4 van 2006

4. Artikel 32A van die Hoofwet word herroep.

Herroeping van artikel 32B van Wet 4 van 1996, soos ingevoeg by artikel 10A van Wet 10 van 1997

5. Artikel 32B van die Hoofwet word herroep.

Wysiging van artikel 33 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 1 van Wet 4 van 2006

6. Artikel 33 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) **[Enige liggaam of]** ’n Persoon wat beswaar wil maak teen of kommentaar wil lewer op enige aansoek kragtens hierdie Wet gedoen wat ingevolge artikel 32(2)(a) gepubliseer is, kan dit doen deur die Raad skriftelike kennis daarvan te gee en die gronde vir die beswaar of kommentaar op die voorgeskrewe wyse uiteen te sit.”.

Wysiging van artikel 34 van Wet 4 van 1996, soos vervang by artikel 28 van Wet 4 van 1997 en gewysig by artikel 1 van Wet 4 van 2006

7. Artikel 34 van die Hoofwet word gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“Deur ’n aansoek **[om ’n lisensie]** kragtens hierdie Wet in te dien, stem die aansoeker daartoe in dat die Raad of enige lid of gemagtigde beampte daarvan—”.

Wysiging van artikel 35 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 29 van Wet 4 van 1997, artikel 11 van Wet 10 van 1997, artikel 5 van Wet 4 van 1999 en artikels 1 en 16 van Wet 4 van 2006

8. Artikel 35 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur in subartikel (3) subparagraaf (iii) van paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(iii) die ontwikkeling binne die spesifieke geografiese gebied, met verwysing na **[die sosiale-] maatskaplike**, godsdienstige[-], opvoedkundige[-], kulturele[-], ekonomiese[-], omgewings-[,] **en [vervoer- en grondgebruik]** vervoeraspekte, nie onwenslik is nie;” en

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Na oorweging van ’n aansoek en, indien toepaslik, enige besware daarteen of enige ondersoekverhoor, ondersoek of navraag in verband daarmee kan die Raad—

(a) die aansoek weier;

(b) die aansoek toestaan; of

(c) die oorweging van ’n aansoek uitstel, onderworpe aan enige bedinge wat hy goed dink.”.

Invoeging van artikel 35A in Wet 4 van 1996

9. Die volgende artikel word ná artikel 35 in die Hoofwet ingevoeg:

“Wysigingsaansoeke, regstellings en verandering van besonderhede van sekere persele

35A. (1) Behoudens subartikel (2) en artikels 41(1) en 41B(1), (3) en (4) kan ’n lisensiehouer by die Raad aansoek doen om die wysiging van enige besonderhede vermeld in die lisensie gehou deur die lisensiehouer.

(2) Die volgende mag nie ingevolge subartikel (1) gewysig word nie:

(a) die duur van ’n lisensie, buiten ’n tydelike lisensie; of

(b) die besonderhede van die perseel vermeld in ’n lisensie beoog in artikels 27(dA), (j), (kA) of 47.

(3) ’n Lisensiehouer wat aansoek doen om die wysiging van ’n lisensie, moet die voorgeskrewe aansoekgeld betaal.

(4) Die bepalinge van artikels 32, 33 en 35(1), (2) en (4) is, met die nodige veranderinge en behoudens subartikels (5) en (6), op wysigingsaansoeke van toepassing.

(5) Die Raad kan afsien van die vereistes van artikel 32(2) ten opsigte van ’n wysigingsaansoek waar ’n besluit deur die Raad ingevolge artikel 35(4) slegs die ansoeker sal raak.

(6) Die bepalinge van artikel 32(1)(a) en 35(4) is nie van toepassing op ’n aansoek beoog in artikel 41B(1) met betrekking tot die verskuiwing van ’n casino nie.

(7) Die Raad kan enige fout in ’n lisensie regstel.

(8) Die bepalinge van subartikels (3), (4) en (5) is nie op die regstelling van enige fout in ’n lisensie van toepassing nie.

(9) Ondanks subartikel (8) is artikel 35(1) van toepassing, met die nodige veranderinge, op ’n versoek deur die lisensiehouer aan die Raad om enige fout in die lisensie gehou deur die lisensiehouer reg te stel.

(10) Die Raad mag geen gelde of heffing aan ’n lisensiehouer oplê vir die regstelling van enige fout in ’n lisensie nie, vir die verandering van die besonderhede van ’n perseel na aanleiding van ’n versoek beoog in artikel 41B(4) nie of vir die

uitreiking van 'n gewysigde lisensie aan die lisensiehouer na die regstelling of verandering van die besonderhede van die perseel na aanleiding van die versoek nie.

(11) Subartikel (10) is nie van toepassing op die regstelling van 'n fout wat deur 'n lisensiehouer veroorsaak is weens die verskaffing van foutiewe inligting aan die Raad nie.

(12) Waar die Raad enige wysigingsaansoek toestaan, 'n fout in die lisensie regstel of 'n versoek ontvang soos beoog in artikel 41B(4) om die besonderhede van 'n perseel te verander, moet die Hoof- Uitvoerende Beampte, na die verskaffing deur die lisensiehouer van die huidige lisensie, en behoudens artikel 41B(13), 'n gewysigde lisensie aan die lisensiehouer laat uitreik.”.

Wysiging van artikel 37 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 31 van Wet 4 van 1997 en artikels 1 en 17 van Wet 4 van 2006

10. Artikel 37 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur ná paragraaf (l) in subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

“(1A) met betrekking tot die verskuiwing van 'n besigheid of aktiwiteit gemagtig

deur 'n lisensie, insluitende die volgende aangeleenthede:

(i) die indiening by die Raad van verslae van—

(aa) voldoening aan bestaande voorwaardes van 'n casino-operateurlisensie beoog in artikel 41B(5)(g);

(bb) die vordering wat die houer van 'n casino-operateurlisensie met die verskuiwing van 'n casino maak;

(cc) die nakoming van die ondernemings beoog in artikel 41B(6), waar van toepassing;

(ii) enige ander aangeleentheid beoog in artikel 41B(5);

(iii) enige aangeleentheid in verband met die verskuiwing van 'n besigheid of aktiwiteit wat gemagtig is deur 'n lisensie wat in hierdie artikel uiteengesit word”; en

(b) deur paragraaf (m) van subartikel (1) te skrap.

Wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 1996, soos vervang by artikel 35 van Wet 4 van 1997 en gewysig by artikel 10 van Wet 11 van 1997, artikel 7 van Wet 4 van 1999, artikels 1 en 19 van Wet 4 van 2006 en artikel 5 van Wet 7 van 2013

11. Artikel 41 van die Hoofwet word gewysig deur subartikels (2) en (3) te skrap.

Invoeging van artikel 41B in Wet 4 van 1996

12. Die volgende artikel word ná artikel 41A van die Hoofwet ingevoeg:

“Verskuiwing

41B. (1) Behoudens subartikel (2) en (22), indien die houer van ’n lisensie beoog in artikel 27(a), (e), (f), (g) of (hB) die besigheid of aktiwiteite gemagtig deur die lisensie van een perseel na ’n ander wil verskuif, moet die lisensiehouer ingevolge artikel 35A(1) by die Raad aansoek doen om die besonderhede vermeld in die lisensie te wysig.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op ’n persoon wat ’n nasionale indiensnemingslisensie soos beoog in die Nasionale Wet hou nie.

(3) Indien die houer van ’n lisensie beoog in artikel 27(dA), (j), (kA) of 47 die besigheid of aktiwiteite gemagtig deur die lisensie van een perseel na ’n ander wil verskuif, moet die lisensiehouer by die Raad om die tersaaklike lisensie vir die voorgestelde perseel aansoek doen.

(4) Waar die houer van ’n operateurlisensie, buiten ’n casino-operateurlisensie, sy administratiewe kantore waar dobbelaktiwiteite nie plaasvind nie, verskuif van een perseel na ’n ander moet hy die Raad van die verskuiwing in kennis stel en, waar van toepassing, die Raad versoek om ’n gewysigde lisensie uit te reik wat die besonderhede van die nuwe perseel uiteensit.

(5) Die Raad mag nie ’n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van ’n casino goedkeur nie, tensy hy tevrede is dat—

- (a) die voorgestelde verskuiwing werksgeleenthede en toerisme in die Provinsie sal bevorder;
- (b) die voorgestelde perseel by voltooiing gepas is of sal wees vir die doel waarvoor dit kragtens die casino-operateurlisensie gebruik sal word;
- (c) die voorgestelde ontwikkeling of instelling van die verskuifde casino nie onwenslik is in die spesifieke geografiese omgewing nie, met verwysing na maatskaplike, godsdienstige, opvoedkundige, kulturele, ekonomiese, omgewings- en vervoeraspekte;
- (d) die aansoeker welgestel is en oor voldoende middele beskik om die voorgestelde ontwikkeling of instelling van die verskuifde casino binne tydsraamwerke voorgestel deur die aansoeker te onderneem en in stand te hou;
- (e) die aansoeker die casino by die huidige gelisensieerde perseel op ’n wyse bedryf wat bestaanbaar is met hierdie Wet, die voorwaardes van die lisensie, die Nasionale Wet en enige toepaslike voorskrifte wat ingevolge die Nasionale Wet gemaak word;
- (f) die aansoeker sal voortgaan om aan die bestaande voorwaardes van sy casino-operateurlisensie by die voorgestelde perseel te voldoen, vir sover die voorwaardes relevant is vir die voorgestelde perseel of die gebied beoog in subartikel (22) waarna die casino verskuif staan te word;

- (g) die aansoeker sal voortgaan om aan die bestaande voorwaardes van sy casino-operateurlisensie te voldoen met betrekking tot bydraes aan—
- (i) swart ekonomiese bemagtiging soos beoog in artikel 53 van die Nasionale Dobbeltwet; en
 - (ii) korporatiewe maatskaplike belegging,
- wat van toepassing is in die gebied waarvandaan die casino verskuif staan te word, vir 'n tydperk waarvoor die aansoeker en die betrokke begunstigdes ooreenkom of, by gebreke waarvan, 'n tydperk van twee jaar, bereken vanaf die datum waarop die verskuifde casino se bedrywighede beoog in subartikel (10) begin;
- (h) die aansoeker het, in die aansoek voorgelê aan die Raad, volledig en onomwonde alle aangeleenthede openbaar gemaak wat voorgeskryf of bepaal word deur die Raad, en die relevante inligting ten opsigte van die aansoek vir openbare insae beskikbaar gestel;
- (i) die bestaan van die lisensie nie indruis teen die openbare belang nie en met die beleid en oogmerke van hierdie Wet ooreenstem.

(6) 'n Aansoeker kan, in 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino, ondernemings aan die Raad maak ten einde die Raad tevrede te stel rakende enige aangeleentheid beoog in subartikel (5)(a), (b), (c), (d), (f), (g) of (i).

(7) Behoudens subartikels (20), (21) en (22), ná oorweging van 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino en, indien van toepassing, van enige besware daarteen of enige verhoor, ondersoek of navraag in verband daarmee, kan die Raad—

- (a) die aansoek weier;
- (b) die aansoek toestaan; of
- (c) die oorweging van die aansoek uitstel,

behoudens enige bedinge wat hy gepas ag.

(8) Behoudens artikel 37 kan die Raad te eniger tyd bestaande voorwaardes van 'n casino-operateurlisensie wysig, of verdere voorwaardes op die lisensie oplê, ten einde aangeleenthede in verband met die verskuiwing van 'n casino aan te spreek.

(9) Ondanks artikel 32(1)(b) moet 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino minstens die voorgeskrewe inligting bevat sodat die Raad homself tevrede kan stel rakende die aangeleentheid beoog in subartikel (5).

(10) Ondanks die bestaan van 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino of die uitreiking van 'n gewysigde lisensie ingevolge artikel 35A(12), tree die wysiging van die betrokke lisensie in werking op die datum waarop die houer van die casino-operateurlisensie die verskuifde casino in bedryf stel.

(11) Die datum waarop die verskuifde casino met sy bedrywighede begin moet deur die houer van die casino-operateurlisensie in oorleg met die Raad bepaal word.

(12) Ondanks die toestaan van 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino, en ondanks subartikels (10) en (11), mag die houer van die casino-operateurlisensie nie die verskuifde casino in bedryf stel totdat die volgende vereistes nagekom is nie:

- (a) die ontwikkeling of instelling van die casino is voltooi;
- (b) die houer van die casino-operateurlisensie het aan die Raad afskrifte van alle tersaaklike goedkeurings of dokumente verskaf wat die houer van die casino-operateurlisensie ingevolge die toepaslike wetgewing van bevoegde owerhede moet verkry met betrekking tot die ontwikkeling of instelling van die casino of die inbedryfstelling van die casino;
- (c) die Raad het 'n inspeksie van die perseel van die casino gedoen;
- (d) die Raad het toepaslike toetse van toerusting en dobbeltoestelle beoog in hierdie Wet of die Nasionale Wet laat uitvoer; en
- (e) die Raad het die inbedryfstelling van die casino goedgekeur.

(13) Waar die Raad 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino goedgekeur het, mag hy nie aan die houer van die casino-operateurlisensie 'n gewysigde lisensie ingevolge artikel 35A(12) uitreik indien daar nie aan die vereistes van subartikel (12) voldoen is nie.

(14) Ondanks die datum van inwerkingtreding beoog in subartikels (10) en (11), of die bepalinge van artikel 41(4), moet die houer van die casino-operateurlisensie die bedryf van die casino by die huidige perseel staak wanneer hy die huidige lisensie aan die Raad besorg.

(15) Ondanks subartikel (14) mag die Raad te eniger tyd aan die houer van die casino-operateurlisensie skriftelike toestemming ingevolge artikel 41(4) verleen om die bedrywigheede van die casino te staak ten einde die verskuiwingsproses te fasiliteer.

(16) Waar die houer van 'n casino-operateurlisensie wat aansoek gedoen het om die wysiging van sy lisensie vir die doel beoog in subartikel (1), aansoek doen om die hernuwing van sy lisensie ingevolge artikel 40, moet die aansoek betrekking hê op die casino op die huidige perseel.

(17) Waar die houer van 'n casino-operateurlisensie 'n aansoek beoog in subartikel (1) ingedien het met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino, moet die Raad elke houer van 'n casino-operateurlisensie in die Provinsie skriftelik van die aansoek soos beoog in artikel 32(2)(a) van die Wet in kennis stel.

(18) Waar die Raad 'n aansoek beoog in subartikel (1) met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino gepubliseer het, en die houer van 'n casino-operateurlisensie buiten die houer van die casino-operateurlisensie wie se aansoek gepubliseer is, wil 'n aansoek van hierdie aard indien, moet hy dit binne die kommentaartydperk van toepassing op die gepubliseerde aansoek doen.

(19) Waar die Raad meer as een aansoek beoog in subartikel (1) ontvang met betrekking tot die verskuiwing van 'n casino, moet die Raad die aansoeke gelyktydig oorweeg.

(20) Wanneer die Raad bepaal watter aansoek beoog in subartikel (19) verkieslik is, moet die Raad oorweeg watter aansoek meer gunstig is vir die Provinsie, met inagneming van die maatstawwe beoog in subartikel (5) en enige ondernemings wat ingevolge subartikel (6) gemaak is.

(21) Ondanks artikel 44A(1) en behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Raad die verskuiwing van 'n casino gedurende die twintigjaartydperk beoog in artikel 44A(1) toelaat.

(22) Die gebied waarheen die casino beoog in subartikel (21) kan verskuif is die gedeelte van die Helderberggebied wat buite die 25-kilometerradius aangedui op die kaart in Bylae VI val.

(23) Vir die doel van subartikel (5)(g)(ii) beteken “bydraes aan korporatiewe maatskaplike belegging” die aansoeker se geldelike en niegeldelike bydraes tot die samelewing en plaaslike gemeenskap wat buite sy gewone sake-aktiwiteite val.”

Vervanging van artikel 44A, soos ingevoeg by artikel 13 van Wet 11 van 1997

13. Artikel 44A van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Eksklusiwiteit

44A. (1) Die houer van 'n casino-operateurlisensie het eksklusiwiteit om 'n casino in 'n gebied beoog in subartikel (2), (3) of (4), na gelang van die geval, te bedryf vir 'n tydperk van 20 jaar, wat soos beoog in subartikel (5) begin.

(2) Waar 'n casino voor die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, in die Stad Kaapstad of 'n buiteliggende gebied ingestel is, het die houer van die casino-operateurlisensie eksklusiwiteit om die casino in daardie gebied te bedryf, behoudens subartikels (3) en (4).

(3) Waar 'n casino na die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, van 'n buiteliggende gebied verskuif—

(a) het die houer van die casino-operateurlisensie eksklusiwiteit om die verskuifde casino in die gebied beoog in artikel 41B(22) te bedryf; en

(b) het die houer van die casino-operateurlisensie vir die bestaande casino in die Stad Kaapstad eksklusiwiteit om die casino binne die 25-kilometerradius aangedui op die kaart in Bylae VI te bedryf.

(4) Waar die bestaande casino in die Stad Kaapstad na die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, verskuif, het die houer van die casino-operateurlisensie eksklusiwiteit om die casino in die gebied beoog in artikel 41B(22) te bedryf.

(5) Die tydperk beoog in subartikel (1) tree in werking—

- (a) ten opsigte van 'n casino wat voor die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, ingestel is, op die datum van inwerkingtreding van daardie Wet;
 - (b) ten opsigte van 'n casino, buiten 'n verskuifde casino, wat ná die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, ingestel is, op die datum waarop dit in bedryf gestel word of een jaar ná die toestaan van die casino-operateurlisensie, watter een ook al eerste gebeur;
 - (c) ten opsigte van 'n verskuifde casino, op die datum waarop die verskuifde casino in bedryf gestel word, soos beoog in artikel 41B(10).
- (6) Vir die doeleindes van hierdie artikel—
- (a) beteken “bestaande casino in die Stad Kaapstad” die casino in die Stad Kaapstad wat voor die datum van inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2020, ingestel was, aangedui op die kaarte in Bylaes V en VI;
 - (b) beteken “buiteliggende gebied” die Kaapse Wynland-, Overberg-, Tuinroete- of Weskusgebied van die Provinsie, na gelang van die geval, aangedui op die kaart bevat in Bylae V.”.

Wysiging van artikel 45 van Wet 4 van 1996

14. Artikel 45 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) 'n Casino-operateurlisensie is gekoppel aan die perseel in die lisensie gespesifiseer **[en wat in ooreenstemming met die goedgekeurde ontwikkelingsaansoek ontwikkel is]**.”; en

(b) deur die volgende subartikel ná subartikel (4) in te voeg:

“(4A) Die perseel beoog in subartikel (4) moet ooreenkomstig toepaslike wetgewing en enige voorwaardes wat die Raad kan oplê, ontwikkel word.”.

Wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 61 van Wet 4 van 1997, artikel 16 van Wet 10 van 1997, artikel 15 van Wet 11 van 1997, artikel 4 van Wet 8 van 1998, artikel 2 van Wet 10 van 2000, artikel 6 van Wet 1 van 2003 en artikels 1 en 33 van Wet 4 van 2006

15. Artikel 75 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) afwyk van enige voorwaarde van 'n lisensie **[en, in die geval van 'n casino-operateurlisensie, enige voorwaardes ten opsigte van die gepaardgaande goedgekeurde ontwikkelingsaansoek]**.”.

Wysiging van artikel 81 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 65 van Wet 4 van 1997, artikel 17 van Wet 10 van 1997, artikel 6 van Wet 8 van 1998, artikel 8 van Wet 1 van 2003 en artikel 1 van Wet 4 van 2006

16. Artikel 81 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) enige saak met betrekking tot ’n aansoek om ’n lisensie of die hernuwing of wysiging van ’n lisensie”;

(b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) te skrap;

(c) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) die maksimum [**toelaatbare**] getal lisensies van enige spesifieke soort wat van tyd tot tyd in ’n spesifieke gebied toegestaan of gehou mag word;”;

(d) deur ná paragraaf (f) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

“(fA) die verskuiwing van ’n besigheid of aktiwiteit wat deur ’n lisensie gemagtig word”.

Wysiging van artikel 82 van Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 66 van Wet 4 van 1997, artikel 18 van Wet 10 van 1997, artikel 9 van Wet 1 van 2003 en artikel 1 van Wet 4 van 2006

17. Artikel 82 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) enige saak met betrekking tot ’n aansoek om ’n lisensie of die hernuwing of wysiging van ’n lisensie”.

Wysiging van Bylae II by Wet 4 van 1996, soos vervang by artikel 70 van Wet 4 van 1997 en soos gewysig by artikel 18 van Wet 11 van 1997, artikel 4 van Wet 5 van 1999, artikel 4 van Wet 10 van 2000, artikel 1 van Wet 9 van 2001, artikel 1 van Wet 7 van 2009 en artikel 7 van Wet 7 van 2013

18. Bylae II by die Hoofwet word gewysig deur paragraaf 3 te skrap.


Byvoeging van Bylaes V en VI by Wet 4 van 1996

19. Die volgende Bylaes word ná Bylae IV by die Hoofwet gevoeg:


“BYLAE V

Eksklusiwiteitsgebiede vir casino’s in die Provinsie, uitsluitende verskuifingsgebied

(Artikel 44A(2))



BYLAE VI
Casino-eksklusiwiteitsgebiede en verskuiwingsgebied in Stad Kaapstad
(Artikel 44A(3) en (4))



”

Vervanging van uitdrukking in Wet 4 van 1996

20. Die Hoofwet word gewysig deur die uitdrukking “Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap”, waar dit ook al voorkom, met die uitdrukking “Provinsiale Regering” te vervang.

Wysiging van Rangskikking van Artikels in Wet 4 van 1996, soos gewysig by artikel 2 van Wet 4 van 1997 en artikel 2 van Wet 4 van 2006

21. Die Rangskikking van Artikels voor artikel 1 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur ná die verwysing na die opskrif van artikel 35 die volgende item in te voeg:

“35A. Wysigingsaansoeke, regstellings en verandering van besonderhede van sekere persele”; en

(b) deur ná die verwysing na die opskrif van artikel 41A die volgende item in te voeg:

“41B. Verskuiwing”.

Kort titel en inwerkingtreeding

22. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Twintigste Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, en tree in werking op ’n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE TWINTIGSTE
KONSEPWYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDRENNE, 2020**

1. AGTERGROND

- 1.1 In 1997 het die Wes-Kaapse Provinsiale Kabinet Beleidsbepalings uitgereik waaraan die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (die Raad) by die vestiging van die gelisensieerde dobbelbedryf in die Wes-Kaap moes voldoen. Die Beleidsbepalings is onder Provinsiale Kennisgewing 304/1997 in *Provinsiale Koerant* 5170 van 29 Augustus 1997 gepubliseer en is sedertdien gewysig.
- 1.2 Die Beleidsbepalings maak onder meer daarvoor voorsiening dat die vyf casino-operateurlisensies wat in die Wes-Kaap toegeken is, elk in een van vyf geografies afsonderlike gebiede versprei word.
- 1.3 Die Beleidsbepalings bepaal verder dat casino-operateurlisensies vir 'n tydperk van tien jaar eksklusief is en dat eksklusiwiteitsgelde vir daardie tydperk betaal word.
- 1.4 Die Beleidsbepalings lys ook sekere faktore wat die Raad in ag moet neem by die oorweging van aansoeke vir casino-operateurlisensies. Verder was daar die vereiste vir elke houder van 'n casino-operateurlisensie om bydraes te maak aan volhoubare gemeenskapsprojekte in die bepaalde gebied waarin hulle geleë was. Die casino-operateur wat in die Kaapse Metropolitaanse streek gelisensieer was, moes 'n finansiële bydrae van R135 miljoen vir 'n wêreldklaskonvensiesentrum maak.
- 1.5 Vyf casino's word tans in die Wes-Kaap bedryf. Toe die casino's gevestig is, is hulle elk 'n lisensie toegestaan om 'n casino vir 'n tydperk van tien jaar binne 'n afgebakende geografiese gebied eksklusief te bedryf. Die toedeling van die vyf casino's, een in elke streek, was in ooreenstemming met die Provinsie se vyf munisipale distrikte, soos volg: Kaapse Metropool, Overberg, Weskus, Suid-Kaap en Breederivier. Die Beleidsbepalings het bepaal dat die Kaapse Metropolitaanse casino 'n 75-kilometerekklusiwiteitsradius het, bereken vanaf die Kaapstad Stadsaal.
- 1.6 Die eksklusiwiteitstydperke waarna verwys is, het reeds verval. Vorentoe, soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Twintigste Konsepwetsontwerp, 2020 (die Konsepwetsontwerp), sal 'n nuwe eksklusiwiteitsregime vir casino-operateurs geld, waarkragtens casino's vir twintig jaar eksklusief in hul bestaande gebied bedryf mag word. Die geleentheid vir een casino om na die Helderberggebied van die Stad Kaapstad te verskuif sal ook deur die Konsepwetsontwerp moontlik gemaak word.
- 1.7 Die bepaling van die Beleidsbepalings wat op casino's betrekking het, sal ingetrek word.

2. OOGMERKE VAN KONSEPWETSONTWERP

- 2.1 Die hoofmerk van die Konsepwetsontwerp is om die Wes-Kaapse Wet op Dobbelaar en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996)(die Wet), te wysig om voorsiening te maak vir 'n stelsel wat die vorige eksklusiwiteitsregime, soos beskryf, vervang. Dit vereis dat 'n aantal tegniese en wesenlike wysigings aan die Wet gemaak moet word.
- 2.2 'n Verdere oogmerk van die Konsepwetsontwerp is om bepalings uit die Wet te verwyder rakende ontwikkelingsaansoeke en ander grondgebruikbeplaningsaangeleenthede wat deur munisipaliteite of die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning geadminestreer word, en nie deur die Raad nie.

3. INHOUD VAN KONSEPWETSONTWERP

- 3.1 **Klousule 1** van die Konsepwetsontwerp wysig artikel 1 deur die woordomsrywings vir “Stad Kaapstad” en “Helderberggebied” in te voeg. Hierdie terme word gebruik in bepalings in verband met verskuiwing en eksklusiwiteit. Klousule 1 van die Konsepwetsontwerp voeg ook 'n nuwe woordomskrywing vir “Provinsiale Regering” in om die uitgediende terminologie wat die Wet gebruik, te vervang.

Verder skrap dit die woordomskrywing vir “Ontwikkelingsaansoek” uit artikel 1 van die Wet. Dit is 'n gevolglike wysiging van die herroeping van artikel 32A van die Wet, wat met ontwikkelingsaansoeke verband hou.

- 3.2 **Klousule 2** van die Konsepwetsontwerp maak gevolglike wysigings aan artikel 18(8) van die Wet as gevolg van die invoeging van die voorgestelde artikels 35A en 41B. Die voorgestelde artikel 35A hou verband met wysigingsaansoeke, regstellings van lisensies en die verandering van besonderhede van sekere persele, en die voorgestelde artikel 41B hou verband met verskuiwing. Artikel 18(8) van die Wet sal ook nou na die wysiging van 'n lisensie verwys.
- 3.3 **Klousule 3** van die Konsepwetsontwerp maak gevolglike wysigings aan artikel 23(1) en (5) as gevolg van die invoeging van die voorgestelde artikels 35A en 41B. Artikel 23(1) en (5) van die Wet sal nou ook na die wysiging van 'n lisensie verwys.

Klousule 3 skrap ook artikel 23(2) van die Wet om buigbaarheid aan die Raad te verleen rakende die hou van verhoor al dan nie. Dit is bestaanbaar met die bewoording van artikel 23(1)(a) van die Wet.

- 3.4 **Klousule 4** van die Konsepwetsontwerp herroep artikel 32A van die Wet. Ontwikkelingsaansoeke word deur munisipaliteite of die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning geadminestreer en nie deur die Raad nie.

- 3.5 **Klousule 5** van die Konsepwetsontwerp herroep artikel 32B van die Wet. Grondgebruikaspekte, in die sin waarin dit in artikel 32B van die Wet gebruik word, word deur munisipaliteite geadministreer en nie deur die Raad nie.
- 3.6 **Klousule 6** van die Konsepwetsontwerp wysig artikel 33(1) van die Wet deur aan te dui dat lede van die publiek kommentaar kan lewer op aansoeke wat ingevolge artikel 32(2)(a) van die Wet gepubliseer word. Klousule 6 maak ook tekstuele verbeterings aan artikel 33(1) van die Wet.
